

**30 AUGUSTUS      SKRIFGEDEELTE: Phillip 1:3-11**

**FOKUSGEDEELTE: Phillip 1:3 & 9**

**DANKIE, HERE!**

. . . dat my medegelowiges hulle werk goed doen!

Dit is die bede wat Paulus oor die gelowiges in Filippi bid . . .

Waarom doen ek die werk wat die Here my opgedra het? Om in die openbaar bedank te word? Sodat daarvan 'n ophef voor ander gemaak kan word?

Om dankie te sê, *is* goeie maniere. Maar dan moet die dankie aan die regte adres gerig word - dit mag nooit uit die oog verloor wie eintlik verantwoordelik is vir die werk wat gedoen is nie. Paulus dank nie die gelowiges vir hulle harde werk nie, hy bedank God. Die wil en die krag om ons goddelike opdragte uit te voer, kom immers van Sy Gees alleen. Dit is daarom gepas en noodsaaklik dat ons dankgebed vir die werk van gelowiges tot God gerig word.

Eers wanneer die dank aan God gebring is, kan werklik gebid word 'dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling' (vers 9). Dank aan God vir die dade van geloof wat Hy deur gelowige mense doen, gee inderdaad die vertrouwe om te bid:

*Mag God se werk in gelowiges tot hoër hoogtes gevoer word.*

*Aan God al die eer!*

*Ds Paul Nel (Brackenhof)*